# Resensie

**VAN DER WALT, B.J.** 1999. **Kultuur, lewensvisie en ontwikkeling. 'n Ontmaskering van die gode van die onderontwikkelde Afrika en die oorontwikkelde Weste**. Wetenskaplike Bydraes van die PU vir CHO. Reeks F2: Brosjures. Nommer 76.
Potchefstroom : PU vir CHO. 284 p. Prys: R 50.00. ISBN 1-868-22-365-5.

**Resensent:** *Flip Buys*
(Mukhanyo Theological College, KwaNdebele)

Hierdie is nog 'n publikasie uit die pen van 'n vrugbare skrywer. Op 'n indringende manier word die hele saak van ontwikkeling vanuit die kulturele verskille tussen Afrika en die Weste benader.

Aan die binnekant van die buiteblad staan die volgende:

> Die skrywer toon aan dat die Westerse ontwikkelingsmodelle produkte is van die post-Christelike, sekulêre Westerse kultuur. Omdat Afrika 'n voor-Christelike, holistiese kultuur het, vind daar 'n kop aan kop botsing plaas wanneer Westerse ontwikkelingsparadigmas op die mense van die kontinent toegepas word.
>
> Die skrywer gaan egter veel dieper as die 'buitenste lae' van kultuur. Hy gee 'n indringende analise van sowel die Westerse religie en lewensvisie as dié van Afrika om duidelik te maak hoe diep die spanning werklik lê.

Hy toon op 'n oortuigende manier aan dat sowel die Weste as Afrika se 'godsbesef' of idees oor god (gode) hulle benadering tot ontwikkeling bepaal en groot pyn en lyding by mense en skade aan die omgewing in Afrika veroorsaak.

Wanneer die outeur ses basiese komponente van die tipiese Afrika-wêreldbeeld of lewensvisie beskryf, beroep hy hom op 'n wye verskeidenheid Afrika-filosowe, -antropoloë en -teoloë en toon aan hoe hierdie lewensvisie lei tot armoede en ellende en veral tot 'n algehele en oorheersende onvermoë om volhoubare ontwikkelingsprojekte in stand te hou.

Die skrywer toon dat die kommunalisme en veral tribalisme die mees oorheersende norm in Afrika is. Binne die Afrika-konteks is sonde normaalweg nie sonde omdat dit sonde teen God is nie, maar as dit vergrype teen die eie stam of groep inhou, word dit as baie ernstige sonde beleef. Iets wat hier miskien sterker beklemtoon moet word, is dat so baie van die korrupsie en diefstal van groot somme geld in ontwikkelingshulpprojekte in Afrika vanuit hierdie gesigspunt verstaan moet word: As iemand geld steel om sy eie groep te bevoordeel word dit normaalweg glad nie deur die betrokke individu en die gemeenskap as 'n ernstige sonde beskou nie, omdat dit aangewend is om familie en stamverwante te help!

Nog 'n saak wat 'n ingrypende invloed het op mense se vermoë om kreatief te dink en op 'n verantwoordelike manier hard te werk en oplossings vir knellende probleme te soek en te vind, is die fatalistiese houding as gevolg van die geloof in die oorheersende mag van die geeste (veral voorvadergeeste). Blaamverskuiwing kom baie algemeen voor, byvoorbeeld: dit is nie ek wat immoreel of onverantwoordelik optree nie; dit is die geeste wat my lewe beïnvloed of die toordokter wat 'n vloek oor my lewe uitgespreek het.

Piëtistiese sending en godsdiens wat nie mense se wêreldbeeld verander nie en ruimte skep vir 'n "slegs Sondag en slegs in die kerk"-godsdiens sal Afrika nooit bevry van armoede en ellende nie. As mense steeds die houding inneem dat ek die Here God Sondag in die kerk kan dien terwyl ek tuis rustig voortgaan met die verering van my voorvadergeeste omdat dit my kultuur is, moet dit noodwendig lei tot tribalisme, armoede en onderontwikkeling.

Aan die ander kant word ook baie skerp en duidelik aangetoon dat die Westerse post-Christelike (en ewolusionistiese) idees oor ontwikkeling op 'n ander manier ook lei tot 'n siek en korrupte samelewing, waarin mense op skrikwekkende, liefdelose maniere gestroop word van hulle menswaardigheid voor God.

Die skrywer toon breedvoerig aan dat die Westerse ontwikkelingsparadigmas grondig vanuit Christelike en Bybelse perspektiewe hervorm sal moet word. Ontwikkeling moet ook normatief beoordeel word.

Die skrywer gee in die geheel skerp ontledings en plaas die probleme op die tafel. Sy oplossings bly egter vaag sonder veel praktiese riglyne. Dit was egter nie sy intensie nie. Hy wil maar soos hy self in die laaste paragraaf stel: "'n klein kersie probeer opsteek vir donker Afrika omdat 'n flou kerslig in elk geval beter is as om teen die donker te staan en skree"

Die waarde van hierdie boek is dat dit kritiese nadenke sal stimuleer oor sake wat witwarm aktualiteit gekry het deur die oproep tot 'n Afrika-renaissance vanuit 'n duidelike Christelike en reformatoriese perspektief. Vanuit 'n Bybels-reformatoriese gesigpunt word op 'n nuwe manier beklemtoon hoe dringend noodsaaklik dit is dat die *hele evangelie* aan die *hele mens* in die *hele wêreld* verkondig moet word – anders is dit nie net 'n valse boodskap nie, maar lei dit ook tot 'n siek en sterwende samelewing. Dit sou egter wonderlik wees as verskeie Christene in ander vakgebiede die implikasies van hierdie benadering verder prakties sou wou uitwerk.

Christene wat die probleme van Afrika dieper as bloot oppervlakkig wil verstaan en hulle roeping wil vervul om nood en pyn te verlig en skrikwekkende armoede wil aanspreek, moet deeglik kennis neem van hierdie publikasie.